

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: Naamveranderinge...!

#### Skriflesing: Genesis 32:22-31 (1953)

<sup>22</sup> En hy het dieselfde nag opgestaan en sy twee vroue en sy twee slavinne en sy elf kinders geneem en deur die drif van die Jabbok getrek:

<sup>23</sup> hy het hulle geneem en hulle deur die rivier laat trek, ook laat deurtrek wat aan hom behoort het.

<sup>24</sup> Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek.

<sup>25</sup> En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom.

<sup>26</sup> Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën.

<sup>27</sup> En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob.

<sup>28</sup> Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin.

<sup>29</sup> Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En Hy het hom daar geseën.

<sup>30</sup> Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.

<sup>31</sup> En die son het vir hom opgegaan net toe hy Pniël verby was; en hy was mank aan sy heup.

### Broodjies vir die pad

The theme of the dangerous aspects of divine-human encounter is prominent in the Hebrew Bible, and in the present case it combines with another motif to enhance the sense of mystery surrounding the deity: God's refusal to answer Jacob's request to know God's name. In this ancient culture, to know someone's name is to have power over that person. Here, then, is another sense in which God retains power over against Jacob, and it is an important sense indeed. Jacob, in contrast to God, reveals his own name, and God exercises divine sovereignty in granting him a new one. And all of this contributes to a sense of the otherness of God, as does the fact that the encounter occurs at night. In fact, the appearance of God in vulnerable, fleshy form, while it might seem to reduce the sense of mystery, could actually be seen as enhancing it: God cannot be fully categorized, not even as "the wholly other"! In that sense, God's vulnerability, too, becomes part of the mystery. A god who can take on alternative forms is in some ways more mysterious than one who remains a distant spiritual entity. The

revelation of God is always the unveiling of what remains in some sense unknowable.

<http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary/year/2014-08-03/proper-13>



*Die onderstaande artikel/onderhoud het my laat wonder en dink oor die dinge wat elkeen van ons se daaglikse lewe verstrengel. Wat breek ons spoed en hoe begin ons weer nuut elke dag?*

#### 'Gediggyes' gebore uit nood en selfverdediging

**Danie Marais se derde digbundel, Solank verlange die sweep swaai, is nou op die rakke. Bibi Slippers het by hom gekuier.**

'n Gesprek met Marais het altyd 'n klankbaan, en op dié Vrydagmiddag in sy huis in Stellenbosch is dit Natalie Merchant se liedjie "Giving Up Everything".

"Daar is 'n bevryding in moed opgee en oorbegyn," sê die donkerkop, wat in sy nuutste bundel onder meer die trauma van 'n egskeiding, die wel en wee van 'n enkelpa en die hoopvolle begin van 'n nuwe liefde opteken.

In vergelyking met sy vorige twee bundels, die bekroonde *In die buitenste ruimte* en sy vervolg, *Al is die maan 'n misverstand*, verteenwoordig die derde bundel, *Solank verlange die sweep swaai*, reeds in die titel 'n afkom aarde toe.

"Ja, ek dink Major Tom het definitief met 'n harde slag aarde toe gekom," sê hy met verwysing na David Bowie se liedjie "Space Oddity".

"Dit is maar wat dit is: Met 'n kind raak 'n mens se beweegruimte minder. Jy is verstrengel in 'n klein oorlewingstryd.

"Daar is nie tyd om in die buitenste ruimte rond te dryf nie. The heat is on. Daar is net druk. Ek voel in 'n groot mate het hierdie gedigte ook maar net in 'n absolute drukkoker ontstaan.

"Ek wou eintlik baie graag 'n roman skryf oor goed wat ek nie 100% eerstehands beleef het nie. Soort van 'n ervaring wat jy graag sou wou gehad het, deur fiksie verken.

"Maar toe het my lewe net ontspoor. Ek moes dit maar los. Dis eintlik 'n geval van die volle sirkel voltooi, want net soos toe ek begin skryf het, het ek hierdie keer weer uit 'n soort nood geskryf.

"Aanvanklik het ek dit as 'n soort nederlaag gesien, want ek het gedink ek gaan nou 'n roman skryf – I'm gonna take this to the next level – en hier skryf ek nou weer in selfverdediging gediggyes.

"Maar wat vir my wonderlik is daarvan, is dat ek dink wanneer jy so by 40 kom, sukkel jy regtig om jou geloof te behou in 'n klomp romantiese ideale wat jou in jou 20's en 30's aan die gang gehou het.

"Toe gebeur 'n baie interessante ding: Die feit dat ek toe tog uit vertwyfeling weer begin skryf, en dit help terwyl niks

anders help nie, het my geloof in die skryf van poësie bevestig. Ek weet nie wat die maatskaplike belang is nie, maar dis iets wat vir 'n mens op 'n persoonlike vlak lewensnoodsaaklik kan wees.”

Die boek is ingedeel in vier afdelings wat elk verteenwoordig word deur 'n adres waar Marais die afgelope vyf jaar gewoon het.

“Nadat ek Nathan Trantraal se bundel (*Chokers en survivors*) gelees het waarin hy worstel met werkerklasgoed, het ek besef ek worstel ook maar met hierdie prekêre middelklasbestaan, die promosie-relegasie-wedstryd. Die adresse word 'n manier om te sê: ‘Hier is dit nou, middelklasman worstel onbeskaamd met middelklasprobleme.’

“Maar ek het ook besef daar is 'n groot verskil tussen woon in Woodstock, woon in Kylemore, net buite Stellenbosch, of woon in die onderdorp van Stellenbosch. Elkeen van daardie plekke beïnvloed die naggeluide wat jy hoor, jou vrese, jou drome.

“Op party plekke is dit makliker om 'n valse gevoel van veiligheid te hê. Dit laat 'n mens wonder. As my perspektief so geweldig verander kan word deur die klein skuifies wat ek gemaak het, hoe onmoontlik is dit om die perspektief van soveel Suid-Afrikaners te verstaan wat in plekke woon wat jy altyd net van buite sien, wat eintlik vir jou onvoorstelbaar is.”

Twee karakters wat gereelde verskynings in *Solank verlange die sweep swaai* maak, is Marais se kat, Levinia, en sy dogtertjie, Lea, wat kom gesig wys tydens ons gesprek.

Levinia kom om haar kop te laat krap en Lea wys haar gunsteling-drakie in haar indrukwekkende versameling van speelgoeddrake.

“Ek was al baie na daaraan om die digkuns af te sweer en ek wil graag glo dat ek sou kon,” sê Marais. “As jy 'n rekenmeester is, sal jy altyd 'n goeie balansstaat kan optrek, want dis deel van jou professionaliteit. Maar om kreatief iets van waarde te maak, moet daar 'n persoonlike kompulsie en obsessie by jou talent en visie kom. In die groter kosmiese prentjie maak dit regtig nie saak of ek nog twee boeke skryf of vier of geen nie.

“Dit maak nie vir my sin om te skeep as jy die mense rondom jou gaan verwaarloos in die naam van jou talent of kuns nie.”

Sy aanhangers is verlig dat hy nog 'n balans kan vind tussen die digkuns en sy dogter met haar drakies.

Hy glimlag vir Lea. “Toe ek vir haar sê ‘kyk, Lea, Pappa het 'n nuwe boek’ was haar reaksie: ‘Wow. Lucky jy.’ ”

<http://www.beeld.com/vermaak/2014-07-10-gediggyes-gebore-uit-nood-en-selfverdediging>

## Brood vir die pad

### Taal word só 'n smal poort vir uitreik

Wilhelm Jordaan

Dit het al byna soos 'n mantra geword: “Vergewe en vergeet. Dis hoe mense versoen raak.”

Wie dit sê, begryp nie werklik die delikate samehang van die drie V's (vergewe, vergeet, versoen) nie.

Daarom maak hulle dit maklik. Byvoorbeeld: Iemand (A) is 'n onreg aangedoen en iemand anders (B) het die onreg gepleeg.

Versoening vind plaas as A vir B vergewe (nadat B jammer gesê het, of nie). En alles is opeens vergeete.

Die “meganika” van dié toedrag stoot eintlik af – 'n formule vir volmaakte simmetrie; soos 'n deelsom sonder 'n res.

Daar is mos iets mensliker, pynliker en ingrypender aan vergewe, vergeet en versoening?

Heel eerste is daar 'n soort onvoorwaardelike, ruimhartige vergifnis wat maak dat A vir B vergewe al betoon B geen berou nie. Versoening is dan nie werklik ter sake nie.

Daar is egter gevalle waar dit vir A nodig én genesend is om lyding, smart, bitterheid en woede oor 'n onreg uit te praat – met B, of met iemand anders.

Want in die handeling van die een wat praat en die een wat luister, vind 'n tussenmenslike ontmoeting plaas waardeur iets wat pynlik is en dalk lank verswyg is tot spraak gebring word.

Dán gebeur wat die Nederlandse digter Martinus Nijhoff beskryf:

“Taal is 'n verstandhouding wat gaan van hart tot hart. Wie sy taal gee, gee sy hart.”

Taal word só 'n smal poort waardeur mense na mekaar uitreik; waarin berou, as 'n diep jammerte, tot woorde gebring word.

Berou en vergifnis omhels mekaar dan om gestalte aan versoening te gee.

A se vergifnis aan B beteken nie B word onskuldig verklaar en van alle skuld onthef nie. B kan byvoorbeeld nie begin terugkrabbel en reken “dit wat ek gedoen het, was tog nie so erg nie”.

Dan vind jy versagtende omstandighede vir jouself en spreek jouself oplaas vry. Jy wat berou het, moet die aard van jou onreg diep binne-in begryp.

A se vergifnis aan B beteken nie A moet die onreg uit die geheue verban en maak asof niks gebeur het nie.

'n Mens is omdat jy onthou en dit is die onthou wat jou help om met oortuiging 'n ander mens wat berou het, te vergewe.

Dan is daar dubbele genesing – 'n verlossende lighartigheid wat sê:

“Nou kan ek nie, wil ek nie, sal ek nie die onreg vertroetel nie, want ons het dit saam gebêre.”

Wie dan later die ou onreg bly ophaal om iemand te straf, of om vir jouself die morele voordelige posisie toe te eien, pleeg 'n groter onreg.

Jy is sunig met vergifnis en hou inderdaad boek van die kwaad omdat dit jou pas.

Dán word jou lewe gerig deur opgegaarde fyn onthou. En jy laat die ander nooit toe om te vergeet nie. Daaruit kom geen versoening nie.

<http://www.beeld.com/opinie/2014-07-30-taal-word-s-n-smal-poort-vir-uitreik>